# (1) VEILIGHEID BLY SOWJETVOORKEUR

**Kmdt (dr) L. du Plessis***

**Recent developments in the Soviet Union have led to speculation as to how these have affected the Russian military machine. In this two-part article Cmdt Louis du Plessis provides some of the answers in a series of questions put to him by Militaria.**

**Daar word deesdae soms beweer dat die Sowjetunie sy militêre mannekrag tans ingrypend besnoei. Sal sulke besnoeiings die slaankrag van die weermag beïnvloed?**

Dit het die afgelope dekade duidelik geword dat die Sowjetunie se bevelsekonomie veel minder produktief is as die westerse markekonomieë en dat talle lewensterreine onderontwikkeld bly. Aan die ander kant is ook besef dat die Sowjetstaat sy gewapende magte nie verwaarloos nie, maar enorme mannekrag en kapitaal konsentreer op gebiede wat nasionale veiligheid kan verseker, soos militêre opleiding, sportbeoefening, wapenproduksie en ruimtevaart. Westerse waarnemers het tot die gevolgtrekking gekom dat vir die Sowjetekonomie om te groei, die staat sy verdedigingsuitgawes op een of ander wyse sal moet besnoei.

In werklikheid het die Sowjetweermag tot vandag toe egter in grootte en vuurkrag ongeëwenaar gebly. Die twee honderd leërdivisies beskik oor meer as 4 600 grond-tot-lug-missiele, 48 000 artilleriebuise en 53 000 tenks, georganiseer in minstens vyf oorlogsteaters. Die lugmag sluit meer as 4 900 taktiese vliegtuie in, uitgeslote 1 200 bomwerpers. Die vloot beskik oor minstens 360 missielduikbote. Die strategiese missielmagte sluit meer as 550 mediumafstand ballistiese missiele in en meer as 1 400 interkontinentale ballistiese missiele. Meer as 960 ballistiese missiele is op duikbote.

## KERNMAGTE BREI UIT

Onder Gorbatsjof as Partyleier en voorsitter van die Verdedigingsraad, gaan die militêre nywerheidsministeries voort met ontwikkelings, soos uitgewerk in die 1986-1990-produksiesplan. Strydig met Gorbatsjof se belofte dat die verdedigingsbegroting met meer as tien persent besnoei sal word, groei dit in reële terme jaarliks met drie persent. Die konvensionele en strategiese kernmagte word onverspoosd uitgebrei. Die afgelope twee jaar byvoorbeeld is die lugmag verder gemoderniseer, nuwe Akula-missielduikbote ontwikkel, en nuwe duikbootgelanseerde ballistiese missiele en mobiele SS-24 en SS-25 interkontinentale ballistiese missiele (met verskillende plofkoppe en 'n reikafstand van meer as 9 000 km), teen 'n vaste tempo ontplooi.

Selfs al besef ekonome toenemend dat hierdie militêre uitgawes broodnodige ekonomiese hervormings verhoed, is daar van 'n werklike besnoeiing aan wapenproduksie of militêre mannekrag, tans min tekens.

## GETALSTERK RESERWE

Al sou Gorbatsjof, soos belowe, die aantal dienspligtiges inderdaad met 500 000 verminder, het die magpeile van die Sowjetweermag nog nie naastenby tot die vlak gedaal waartoe westerse weermagte ná die Tweede Wêreldoorlog gedemobiliseer is nie. Die enkele wyd gepropageerde besnoeiings aan dienspligformasies moet gesien word binne die raamwerk van heersende Sowjetmagspeile. Benewens sy permanente lede, ontvang die Sowjetweermag jaarliks 1,8 miljoen dienspligtiges. Toe Duitse divisies die Sowjetunie in Junie 1941 binnegeval het, kon die Partyleiding na bewering 5,5 miljoen man binne agt dae mobiliseer. Huidige oproepprosedures is veel meer vaartbelyn as dié van 1941. Naas die bestaande vredestydse Sowjetweermag met 'n magspeil van 5,1 miljoen man, is die Opperbevel tans, onder Gorbatsjof se *perestroika*, in staat om nog vyf miljoen reserviste binne 48 uur op te roep, sodat die weermag binne twee dae kan verdubbel tot tussen nege en elf miljoen man. Aangesien minstens ag miljoen reserviste militêre diens binne die voorafgaande vyf jaar voltooi het, kan die Sowjetweermag, indien noodsaaklik, in minder as tien dae 'n mannekragpeil van tussen dertien en veertien miljoen bereik. Die reserwemag is sterker as 55 miljoen.

Volgens die gesaghebbende krygskundige V.V. Larionov bly die hoofdoel waarvoor hierdie weermag beman en opgelei word, om 'n voorsprong

in relatiewe sterktes te verseker sodat die staat 'n *jadernije* (kernoorlog) kan wen.

In 'n sekere sin is die huidige Sentrale Komitee steeds die gevangene van 'n stelsel wat oor sewe dekades ontwikkel het met die invloed en veiligheid van die Party en staat as 'n hoofdryfveer.

**In watter mate volg die Sowjetweermag tans 'n meer menslike benadering tot opleiding as in die verlede?**

Ongeag die teoretiese debatte onder leiding van mnr Mikhail Gorbatjof in die parlement of Oppersowjet, ontvang die Sowjettroepe steeds harde opleiding.

## STRAWWE OPLEIDING

Oor die algemeen is militêre instrukteurs steeds ongenaakbaar, en ondanks omvattende kadetopleiding op skool, beleef die meeste Sowjetrekrute hulle militêre diens as veeleisend en straf. Die gemiddelde soldaat leef na aan die natuur, is aangepas by slegte weer, sneeu en modder, en onderdanig. Anders as in Suid-Afrikaanse militêre basisse, slaap honderde troepe dikwels in een onverdeelde barak, op beddens met drie vlakke, wat in die winter ysig koud is.

In operasionele opleiding moet seksies, pelotons en veggroepe talle gevegsdrils bemeester. Omdat die klem op *kollektivnost* of samehorigheid val, is daar van indiwidualisme min tekens.

**Dit is bekend dat die Sowjetsamelewing uit meer as honderd taalgroepe bestaan en dat lede van die verskillende volke ook saam diensplig doen. Die afgelope tyd het daar dikwels botsings tussen volke in die Sowjetunie voorgekom. In watter mate raak dit die weermag?**

Die talle uiteenlopende volke van die Sowjetsamelewing doen saam diens in die weermag en soms word tot twintig taalgroepe in een kompanie (van so twee honderd man) gerapporteer, waarvan die toonaangewende Russe maar een is.

Soldate uit ontwakende minderheidsvolke, so uiteenlopend soos die Oekraniëners en Oesbeke, Kazakke en Byelorusse, Aserbeidjani's, Georgiane en Armeniërs, ervaar die Sowjet politieke stelsel al hoe meer as 'n Russiese volkstaat, wat Russiese nasionalisme bevorder. Vir so 'n houding bestaan daar grondige redes.

## RUSSE OORHEERS WEERMAG

Al is die Russe die getalsterkste volk, maak hulle slegs die helfte uit van die Sowjetbevolking, maar oorheers die Sentrale Komitee van die Kommunistiese Party, ondergeskikte regeringsliggame, soos die Oppersowjet, en militêre eenhede.

Die geleidelike groei die afgelope jare van aandrang op volksregering, tegelyk demokraties en nasionalisties, het ook reeds die weermag binnegesluip. Amptelike boodskappe beklemtoon egter lojaliteit aan die staat en verwys nie na die Russiese oorheersing nie.

Navorsing binne die Sowjetweermag dui aan dat die helfte van die dienspligtiges hulle vriende uit hulle eie volk en distrik van herkoms kies, selfs na 'n paar jaar van diens in veelvolkige eenhede.

Die Russe laat hulle gewig oral voel. As troepe gaan eet, val die Russe gewoonlik voor in die tou in. Dit geld ook vir wie die beste slaapplek kry. Naas opleiding, geld dit ook vir werk. Vir die doen van vuil handearbeid, span die Russe dikwels die swakker gekwalifiseerde minderheidsgroepe soos die Kazakke en Oesbeke in. Soos een oud-soldaat sê: As die daar is keuse is, werk die Russie troep met 'n skroewedraaier en die Sentraal-Asiat met 'n graaf!

## ONRUS BY MINDERHEIDSVOLKE

Die spanning tussen volksgroepe breek deesdae van tyd tot tyd deur die oppervlak. Meer gevalle kom voor van handgevegte tussen Russiese en ander troepe. Baltiese lede van die Sowjetweermag, soos Litouers, word gereeld gedwing om vodka te drink, en selfs aangerand en in die sneeu laat lê. 'n Opname deur die Instituut vir Sosiologie, Filosofie en Regte in Vilnius, toon dat die meeste Litouse troepe op een of ander stadium tydens diensplig geslaan is. Talle Armeense lede van die Sowjetweermag is al aangerand en selfs vermoor. **Krasnaja Zvesda** (Rooi Ster) het erken dat drostery van lede van minderheidsvolke besig is om "'n wydverspreide verskynsel" te word.

Nasionalistiese leiers van minderheidsvolke verwys al hoe harder na "die Sowjetbesettingsleër", en Aserbeidjan volg sedert Oktober 1989 die

ongehoorde beleid deur te weier om Aserbeidjaanse dienspligtiges vir diens in die Sowjetweermag beskikbaar te stel!

Russies is tans egter steeds die enigste amptelike weermagstaal. Bevele en opleiding word net in Russies gegee, en om in kursusse, pos en rang te vorder moet 'n soldaat Russies praat. Dis ook die tegniese taal vir die moderne wapenstelsels. Terwyl hy enersyds gelykheid van volke bely, gee die weermag se Hoof Politieke Administrasie (HPA) self intensiewe opleiding in Russies in taalskole en taalklubs in Sentraal-Asië! Trouens, nie-Russiese seuns moet Russies reeds voor die aanvang van diensplig probeer bemeester.

Alhoewel die oral teenwoordige politieke offisiere dus "etniese gelykberegtiging" bely, dien die weermag as 'n hoofinstrument vir russifikasie.

# (2) KOMMUNISTIESE PARTY BEHEER WEERMAG

**In watter mate het die beleid van *glasnost* 'n uitwerking op kommunikasie binne die weermag?**

Toonaangewende ideoloë in die Sowjetweermag, soos M. Tikhonov, beklemtoon dit dat dapperheid in die geveg uit geloof in kommunistiese ideale en afkeur van die "vyand" spruit. Daarom glo die weermag se politieke vleuel dat kommunistiese doktrines tydig en ontydig oorgedra moet word. Die standpunt van Lenin as die stigter en vader van die Party en weermag, word steeds as 'n lewenswaarheid aangehaal: "Waar politieke werk onder troep die deeglikste verrig word, bestaan geen laksheid nie, en word die meeste oorwinnings behaal."

## *IDEINOST* EERDER AS GLASNOST

Die militêre pers vertoon weinig tekens van *glasnost* (openheid), soos dit in westerse media voorgestel word. In militêre tydskrifte soos Sovietskiy Voin (Sowjetsoldaat), die tydskrif van die Generalestaf Vojennaja Mysl (Militêre Denke), die politiseringstydskrif Kommunist Vooruzhennykh Sil (Weermagskommunis) en gespesialiseerde gevegsdienstydskrifte is daar van meningsverskille, selfs klemverskille tussen offisiere, soos *glasnost* impliseer, weinig sprake.

Kritiek wat deesdae in sommige burgerlike oorde uitgespreek word op die voorkeur wat die staat se militêre slaggereedheid steeds geniet, wek onmiddellik teenreaksie in weermagsmedia. So het lt-genl V. Serebriannikov hom al vurig uitgelaat teen "dekadente en lafhartige denke wat saad van pasifisme saai". Die Minister van Verdediging, genl Dmitri Jazov, het in TV-onderhoude die pers aangeval omdat sommige skrywers die Sowjetweermag "onteer". Die toonaangewende HPA-hoof, genl Alexei Lizichev, spreek sy "verontwaardiging" uit oor "agitators wat die gesag van die weermag onder die burgery, ondermyn".

Kol-genl Makhmut Gareev, adjunkstafhoof, veroordeel gereeld "pasifistiese" persberigte oor "eensydige ontwapening" omdat dit bots met die "verdediging van die vaderland teen westerse imperialistiese aggressie". Binne die weermag val die nadruk nie op *glasnost* nie, maar eerder op *otechestvennost* (vaderlandsliefde) en veral op *partiinost* (partytrou) en *ideinost* (beginselvastheid).

## POLITIEKE VLEUEL

**Watter rol speel die politieke vleuel van die Sowjetweermag?**

Die afgelope jare het die geletterdheidspeil van die Sowjetjeug aansienlik gestyg sodat byna almal op vyftienjarige ouderdom deesdae kan lees en skryf. Dit beteken dat talle jong weermagslede indringende vrae oor die doel van diensplig stel.

Oor talle dekades het die weermag egter 'n reuse politieke vleuel ontwikkel, bekend as die

Hoof Politieke Administrasie (HPA), om te verseker dat die Kommunistiese Party se gesag tot op bataljonvlak gehandhaaf word. 'n Politiseerder aan eenhede, bekend as 'n *zampolit*, moet toesien dat Partybesluite gepropageer en, waar moontlik, uitgevoer word, en moet lede vir die Kommunistiese jeugbeweging, die *Komsomol*, en die Party, keur en werf. Die politiseerder moet nuus deurlopend versprei, ook tydens veldopleiding, en lojaliteit aan die stelsel bevorder.

Die politieke offisiere ontvang intensiewe opleiding aan elf hoër militêr politieke korpsskole en die senior politieke offisiere volg later 'n senior graadkursus aan die hoog aangeskrewe Militêr Politieke Akademie V.I. Lenin in Moskou in "moderne vorms van massabeïnvloedingswerk".

**Volgens mediaberigte verloor die Kommunistiese Party onder Gorbatsjof sy bevoorregte status in die samelewing? Geld dit ook vir die rol van die Party binne die weermag? Funksioneer die Sowjetweermag inderdaad al hoe meer onafhanklik van die Party?**

Volgens die Sowjetkrygskundige, K. Vorobyov, is 'n kernvraag oor die staat: Wie beheer die veiligheidsmagte? Die antwoord is steeds: Die Party. Ondanks dramatiese tonele wat soms op westerse TV verskyn, bedreig die politieke belangegroepe wat die afgelope tyd buite die Party ontwikkel het, nie die oppergesag van die Party binne die weermag nie.

Die Party is veel omvattender as Gorbatsjof. Gorbatsjof is maar een saag in reuse historiese hande. Die moontlikheid bestaan dat hy, soos sommige tsaars, te laat sal ontdek dat hy maar min tande het! TV-nuusdramas oor Gorbatsjof, die "man van die dekade", soms "van die eeu", is waarskynlik nader aan fiksie as feite.

Die werklike Gorbatsjof voel waarskynlik gevlei deur die mitologiese invloed waarin sekere nuusprogramme hom klee. Die vraag is: Beheer Gorbatsjof gebeure, of beheer hulle hom? Waarskynlik kry hy lof vir demokratiese ontwikkelings en kritiek vir ekonomiese en etniese wanorde, wat albei buite sy beheer val en wat hy dus nie bemeester nie. Die vraag is of hy selfs verantwoordelik is vir die grys pakke en pienk dasse wat hy dra! Deur 'n leërverkyker lyk Gorbatsjof eerder na 'n simptoom, as 'n oorsaak.

## INVLOED VAN PARTY EN KOMSOMOL

Die beleidsformuleerder van die staat is steeds die Party se Politburo. Voorts staan die Sowjetweermag, as die grootste en invloedrykste staatsdepartement, geensins los van die Kommunistiese Party nie en is waarskynlik sy getrouste vennoot. Groot getalle offisiere en onderoffisiere dien in regeringsliggame soos die sowjette, op alle vlakke tot so hoog as die Oppersowjet. Die Opperbevel self is sterk verteenwoordig in die Party se Sentrale Komitee.

Lidmaatskap van die Party of Komsomol bly onontbeerlik vir bevordering tot senior poste. Waar hoogstens sewe persent van die burgery tans Partylede is (en dit sluit die Partylede van die weermag in) is twintig persent of ongeveer een miljoen soldate ook Partylede. Van die professionele elite, die offisierskorps, is 75 persent Partylede. Terselfdertyd is ook ongeveer 75 persent van die dienspligtiges – gewoonlik die mees belowende jong manne – lede van die Komsomol.

Die politiseringsaktiwiteite van die HPA maak dit moontlik dat die mees belowende onderoffisiere en offisiere binne die elitistiese strukture opgesuig word. Die aantal weermagslede wat tans, **onder Gorbatsjof**, aan òf die Party òf die Komsomol behoort, is meer as tagtig persent! Een van die hoofdryfvere agter die politiseringsisteem is die strewe om te verseker dat die weermag 'n werktuig van die Party bly – nou en in die toekoms. Die kans vir die depolitisering van die Sowjetweermag onder Gorbatsjof se bewind, is inderdaad skraal.

*Kmdt (dr) Du Plessis is die hoof van navorsing en ontwikkeling aan die Fakulteit Krygskunde van die Militêre Akademie op Saldanha.